

# Meer as oorwinnaars

- ◆ Chris Calitz is tuis maar sy kinders gaan hom heel waarskynlik aan die einde van die maand laat oorplaas in 'n versorgingseenheid.
- ◆ Shawn Smit het ontsteking in sy ingewande wat krampe en ongemak veroorsaak. Ons bid dat die Here hom spoedig sal genees.
- ◆ Maria le Roux is nog in die hospitaal en Lorraine van der Merwe is ontslaan en sterk by haar kinders aan. Sy is effens verlam aan die regterkant na 'n beroerte. Lien Broodryk is in Unitas opgeneem vir verdere toetse. Ons bid vir hierdie persone. Mag hulle God se liefde en Sy genade elke dag beleef.
- ◆ Lenie Roets is beter na hospitalisasie. Ons loof die Here.
- ◆ Bid vir ons land en sy mense. Kom ons bid vir die leiers, veral vir president Ramaphosa. Ons dank die Heer dat hy vinnige en duidelike maatreëls afgekondig het om die Covid-19 virus se verspreiding te keer. Bid dat ons mense sal saamwerk en persoonlike higiëne sal toepas.
- ◆ Bid vir besighede. Ons vra vir kalmte in die tyd dat die mense nie die winkels sal bestorm nie, maar rustig sal voortgaan met hul lewens.
- ◆ Bid dat die ekonomiese uitwerking wat die virus op die wêreld ekonomie mag hê, beperk sal word.
- ◆ Bid vir al ons ouer persone. Ons weet dat ons die Here se beskerming sal geniet, maar vra dat Hy spesiaal ons ouer mense sal bewaar.
- ◆ Ons dra vir Rita von Wielligh op aan die Here en bid dat sy die liefde van die Here elke dag sal ervaar.

**Prediker:** Ds. Gideon Du Toit  
**Skriflesing:** Psalm 91  
**Tema:** "U is my toevlug en my vesting"  
**Liedere:** 200:1,2; 190:1-3; 239:1,2,4 & 519:1-4; 241:1,3



Omgeekerk  
Lyttelton-Noord  
Ons Reik Uit Na Elkeen!

## Hoop in 'n tyd van beproewing

Ds Gideon Du Toit

Martin Luther skryf in die voorwoord tot sy psalmkommentaar (1531) soos volg: Die menslike hart is soos 'n skip op die wilde see, waar die stormwinde uit vier hoeke van die aarde waai. Van die een kant stoot sorg en vrees vir toekomstige ongeluk op en van die ander, hartseer en treurigheid vanweë teenswoordige kwaad. Uit die een rigting waai hoop en verwagtings oor toekomstige geluk en uit die ander, sekerheid en vreugde vanweë toekomstige seëninge. Waar elders as in Psalms vind 'n mens die regte woorde vir sulke hartskommelings?

Psalm 131:2 "Ek het rus en kalmte gevind, Soos 'n kindjie wat by sy moeder tevredenheid gevind het, so het ek tevredenheid gevind" Dit is **nie** toevallig dat die eerste moment, dié van ootmoed is nie. Die digter ken sy plek voor en onder God, nie met selfverheffing en hoogmoed nie, maar met die wete dat groot dinge ook in God se hand is "Ek maak my nie besorg oor groot dinge nie, dinge wat bo my vermoë is". Hoe sal ek weet dat ek die Covid-19 virus gaan opdoen? Het ek in die verlede geweet dat ek griep of longontsteking gaan kry?

Al wat ek weet is dat God ook daar by my sal wees. "Ek het rus en kalmte gevind, soos 'n kindjie ...." Die enigste plek waar daar rus en kalmte, vrede en tevredenheid te vinde is, is op God se skoot. Ons gaan in dié tyd meer sit as gewoonlik. Miskien bring die Here ons by die punt om op die régte plek te gaan sit—op God se skoot.

Die Dankbarediger  
22 Maart 2020

## Hoop in 'n tyd van beproewing

Daar vind 'n mens vrede, In die tyd wil die Here hê dat ons nederig op Hom sal vertrou. Wie só tot rus gekom het, kan oorstap na die derde moment in die psalm—kindelike geloof, hoop. “Wag op die Here, Israel, nou en vir altyd”. Ootmoed, vrede, hoop. Agter die vredevolle atmosfeer van Ps. 131 sit daar 'n kwaai stuk worsteling. Die psalm volg op psalm 130 “Uit die dieptes roep ek na U, Here, luister tog na my, Here, hoor tog my hulpgeroep” Die digters weet, hulle skryf immers verbondspсалms, dat God my kom soek, lank voordat ek na Hom gesoek het. God was die een wat my opgetel en op sy skoot getel het. Dit vul ons met **Ootmoed, Vrede, Hoop**.

### DEURKOLLEKTE:

Uitreike

### BRUINGELD

Tans is daar **R 7504.85**  
ingesamel **vanaf Mei 2017**

### Tuisgemaakte Waatlemoenkonfyt

Te koop by die kerkkantoor. Kontak Susann by die kerkkantoor 012 664 6695

### GEMEENTEKURSUS

Ons gemeente se jaartema is “*Volg Jesus, maak dissipels*”. Dissipel wees en dissipels maak is 'n persoonlike uitnodiging van die Here Jesus aan elke lidmaat. Om ons vir ons taak toe te rus, gaan ons 'n kursus aanbied – “*Genooi om te volg*”. Dit begin vroeg in Maart en duur vir 12 weke.

Die kerkraad vra dat elke lidmaat asb deel van 'n klein- of omgeegroep sal wees vir minstens die duur van die kursus. In die kleingroep volg ons dit wat ons in die erediens leer, op. Ons vra dat (1) indien u bereid is om as leier van 'n kleingroep op te tree. en/of (2) u huis beskikbaar te stel, u asb u naam vir Susann by die kerkkantoor sal gee. Vir Leiers se telefoon nommers moet u asseblief die kantoor skakel.

**Die kursus word uitgestel tot 'n latere datum. Voorbereiding kan egter daarvoor gedoen word en die boeke is beskikbaar in die kantoor. Ons het ook nog handleiding vir die leiers bestel en dit sal eersdaags beskikbaar wees.**

## Baie geluk aan almal wat verjaar van 12—28 Maart

Van	Noernaam	Verjaar	Landlyn	Selfoon
Le Grange	Sean	03/22	012 644 0837	0836502128
Nel	Sue	03/22		0824472813
Van Heerden	Morné	03/22	083 2889 585	0837334793
Botha	Salome	03/23		0845040254
Dreyer	Denise	03/23	012 664 6554	
Kruger	Denise	03/23		0820929948
Muller	Pierre	03/23	012 664 2779	0725869736
Grimsehl	Charlene	03/25		0825411224
De Villiers	Frances	03/26		0822959982
Hattingh	Sakkie	03/26	012 664 6687	0832733412
Lindeque	Hanne-Marie	03/26		0820771665
Dreyer	Elize	03/27	012 664 6554	
Marais	Christian	03/27		
Weideman	Hennie	03/27	012 664 1930	
Conradie	Daan	03/28		0823392699
Du Toit	Ans	03/28		0827812399
Goosen	Alet	03/28	0126640370	0722275344
Moore	Marcel	03/28	012 664 3953	
Van Heerden	Connie	03/28	083 2889 585	0832889585
Weideman	Brigitte	03/28	012 664 1930	

## Yoti

### DIE GRIEKSE BOERTJIE

Die opvoering by NG Gemeente Lyttelton Noord word uitgestel tot 'n latere datum. Die kaartjies wat u gekoop het, sal steeds geldig wees.